

9 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 12:1, 2

Fokusgedeelte: Romeine 12:2

God verander ons deur ons nuut te laat dink

Romeine 12:1 begin met die woorde: *“En nou doen ek ’n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God ...”* Die *groot ontferming van God* verwys na alles wat God gedoen het sodat ons sy kinders kan wees. Sy uitverkiesing, sy vryspraak, en die nuwe lewe wat Hy aan ons gegee het. Hierdie *ontferming van God* het Paulus in die vorige 11 hoofstukke beskryf.

God het Hom oor ons ontferm, en daarom word ons opgeroep om onself te gee as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is. Met die Ou-Testamentiese dankoffer het die Israeliete iets aan God gegee om hulle dankbaarheid te wys. Hier in Romeine 12 word gelowiges opgeroep om hulleself aan God te gee. Dit beteken dat ons, met alles wat ons is en het, die Here dien!

Hoe kry ons dit reg om heeltemal in God se diens te staan? Vers 2 sê dat ons twee dinge moet doen. Die eerste is negatief en die tweede is positief. In die eerste plek mag ons nie die begeertes van die sondige wêreld navolg nie (vgl. 1 Pet. 1:14). Die sondige wêreld kan en mag nie ’n model wees van hoe Christene moet lewe nie (vgl. Ef. 2:1-3).

In die tweede plek moet God ons verander. Letterlik staan daar dat ons ’n *metamorfose* moet ondergaan, soos ’n larwe wat in ’n skoenlapper verander. Die woord *metamorfose* word ook in 2 Korintiërs 3:18 in verband met gelowiges gebruik waar ons lees dat ons *“al meer verander (metamorfose – HZ) om aan die beeld van Christus gelyk te word”*.

Hoe verander God ons? Hy verander ons deur ons nuut te laat dink. Deur sy Woord en die Heilige Gees leer God ons hoe om reg te dink. Ons leer wat regtig belangrik is en hoe ons God 24 uur per dag, sewe dae ’n week kan dien. En daarom moet die Bybel ’n sentrale plek in jou lewe inneem. Lees die Bybel, bestudeer dit, luister na die prediking en praat met medegelowiges daarvoor. Jy sal verstom wees oor hoe die Heilige Gees jou lewe verander!

Sing: Psalm 40:3, 4 (1936)

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)